
DIE Bruidegom IS HIER!
MARKUS 2:13-22


13 Jesus het weer na die see toe gegaan.
'n Hele menigte mense het na Hom toe
gekom, en Hy het hulle geleer. 14 Toe Hy
by die tolhuis verbygaan, sien Hy vir Levi
seun van Alfeus daar sit, en Hy sê vir
hom: "Volg My!"
Levi het opgestaan en Hom gevolg.

*Markus 2:13-22*

15 Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet.
Baie tollenaars en sondaars was saam met
Hom en sy dissipels aan tafel, want daar
was baie van hulle wat Hom gereeld gevolg
het. 16 Toe die skrifgeleerdes onder die
Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars
en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels
gesê: “Waarom eet hy saam met tollenaars
en sondaars?”

*Markus 2:13-22*


17 Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle:
“Dié wat gesond is, het nie 'n dokter
nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het
nie gekom om mense te roep wat op
die regte pad is nie, maar sondaars.”
Markus 2:13-22


18 Johannes se volgelinge en die
Fariseërs was besig om te **vas**, en die
mense kom toe en vra vir Jesus:
"Waarom vas die volgelinge van
Johannes en die volgelinge van die
Fariseërs, maar u dissipels vas nie?"
Markus 2:13-22

2 Luister tog na my woorde, Here,
hoor hoe ek sug.
3 Gee tog aandag aan my hulpgeroep,
my Koning en my God,
want tot U bid ek.

*Psalm 5:2-3*


19 Jesus antwoord hulle: "Kan die
bruilofsgaste dan vas terwyl die
bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle
die bruidegom by hulle het, kan hulle nie
vas nie.
Markus 2:13-22

20 Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die
bruidegom van hulle af weggeneem sal
word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas.
21 “Niemand lap tog ou klere met
ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur
die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en
die gat word net groter.

*Markus 2:13-22*

22 “Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi.”

*Markus 2:13–22*


DIE Bruidegom IS HIER!
MARKUS 2:13-22